

September: Die Woord van God is 'n deurlopende herinnering aan sy troos teenoor sy kinders

Vrydag **6 September**

Skrifgedeelte: 2 Konings 1:1-18 (AFR1983/2020)

Fokusgedeelte: 2 Konings 1:2, 3

In tye van nood ... gryp vas aan God en die beloftes van sy Woord

'n Geweldige krisis het koning Ahasia getref: hy het deur die traliewerk van sy venster geval en hom ernstig beseer. So ernstig dat hy gewonder het of hy van sy beserings sou herstel. Maar in plaas daarvan om in sy nood aan God vas te gryp ... Hom te raadpleeg ... stuur hy boodskappers na Baäl-Sebub, die god van Ekron, om by hom te hoor of hy van sy beserings sou herstel (Baäl-Sebub = god van die vlieë, 'n doelbewuste verdraaiing van Baäl-Sebul = god van die siekte). Dit was verkeerd in die oë van die Here. Daarom het God se oordeel hom getref: hy sou nie van sy siekbed opstaan nie. Hy sou van sy beserings sterf (vs 4). Hierteenoor het Elia aan God en sy woord vasgegryp en bly lewe. Selfs toe sy lewe bedreig was.

Die hartseer van hierdie gebeure: Hoe dikwels sien mens nie hierdie gebeure in mense se lewe herhaal nie? Hoe dikwels gryp mense, selfs gelowiges, nie na allerlei strooihalms (geld, vaardighede, mense, een of ander idee of filosofie) as hulle in die nood is, net om teleurgesteld te staan as hierdie sogenaamde “uitkoms” nie help nie?

Hoor dan die woord van die Here: “Is daar dan geen God in Israel nie ...” In Christus het daar vir ons 'n antwoord gekom, want in Christus het ons 'n God, 'n hemelse Vader wat met liefde en deernis na ons kyk, wat hartstogtelik oor ons begaan is. Soveel so dat Hy sy Seun gegee het om vir ons sondes te sterf en te betaal; sy Woord om aan vas te gryp.

Daarom, in tye van nood en krisis, gryp vas aan God, gryp vas aan sy Woord en die beloftes van sy Woord, want die Bybel is 'n deurlopende herinnering van God se troos aan jou. Mag die Heilige Gees jou verseker dat daardie beloftes en troos nie net vir ander bedoel is nie, maar ook vir jou.

Sing: Skrifberyming 43:2, 4 (15-7)

Ds. PC (Nelijs) van Rooy (Elandskraal)